Hi julle! 1 Junie

Was Accra toe gister,om vanoggend oorsese visa aansoek te gaan ingee - Yeah right.....

5 stelle paspoortfoto's later(die eerste 4 probeerslae is 'n storie op sy eie), fotostate op fotostate (eienaardige voorskrifte) – by so klein "booth" net buite die gebou, wat die dienste lewer!

Die eindresultaat (laaste stel foto's) is dat ek sweerlik op die hoogagtende Visum soos Daisy de Melker gaan lyk – my kuif agtertoe vasgesteek, want jou voorkop moet duidelik wys! Genade!

Geen paspoort/ visum- foto's met 'n kuifie toegelaat! Lol!

Die marathon van 'n dag het kort voor 9 begin by die " Application Centre". Ek was nogal vroeg – die betaalvormpie ingevul – oeps! Die bedrag het ewe skielik vermeerder soos die vissies en brode in die Bybel! (Recently updated). Ek het ekstra dollars, maar die kassier kyk my aan of ek van Mars af geland het. Ewenwel, vriendin Isabel haak my toe darem met 'n ekstra handvol note en ek betaal.

Na 'n ruk kom ek agter, die beamptes roep nommers uit – ek , wat so vroeg was, nommer 57....

Na 2 ure trek hulle toe by 22... hierdie girl het toe al behoorlik rooimiere waar sy sit – gelukkig kom

Vriendin (wat haar wyfiekat laat steriliseer het) , in om te sien hoe ver ek al is, Sy is al toe intussen terug van die diereklinie k en verfwinkel af). Ek vra haar toe om net my plek te hou en gaan vra om met die bestuurder te praat.

Dankie Liewe Vader - nadat ek verduidelik het, dat ons nie later as 5pm op die pad mag wees nie (dit neem 5-6 ure van Accra en ons maatskappy is baie streng op veiligheid) ,en die kassier wat beaam dat die Madame al vroeg daar was, heel vriendelik en het sy my aansoek deurgegaan en die wiel aan die rol gesit.... dit was 'n geskarrel en gesweet om die copies en foto's reg te kry, totdat hulle tevrede was! Shame, daar is sulke lyfpoeier waarmee party hulle gesigte dokter en opdollie vir die foto's – dit moes net werk vir my blink gesiggie – ek lag so, met dié dat die fotograaf my met die poeierblik sien, gil hy: " No, Madame, it will make you too pale!" ("Too pale of te not", het dit darem my foto bietjie meer "matt" laat vertoon).

Na vele probeerslae (en die uitdrukking van misnoeë op die fotograaf se gesig – knip my oë,

dan te links, dan te regs, bietjie op, bietjie af (en verseker bleek!), word die uwe, wat maar altyd die hoë voorkop wegsteek onder 'n kuif, finaal - kuifloos, verewig op Polaroid. Feitlik onherkenbaar.

By elke liewe toonbank met die prosessering , betaal jy boonop adminfooie. Genade!

En ons dink betaal is die wet van Transvaal, daar in die Suide!

Die visum behoort binne 8-9 dae gereed te wees, dan moet ek dit gaan haal - weer die nommertjie affêre...

Al die pad terug huis toe, met die voertuig GEPAK van die nodige inkopies (ons is so ver afgeleë, koop maar bietjie vooruit...) en die arme ou katjie wat maar ongemaklik en seer was na haar operasie, darem die spertyd van aankoms gehaal!

Accra is 'n veilige Afrika stad met 'n verskeidenheid van smake – dit bied 'n diens aan Jan Alleman – van die goedkoopste artikels wat die straatverkopers smous, tot verstommende kwaliteit (en pryse!) van wereldbekende kettingwinkels!

Groete uit die reënwoud, Hanlie .